# Makwe Mission Quionga Mozambique - Gebedsbrief 3/2019

**Webblad:**[www.gcx.org/Makwe_Mission](www.gcx.org/Makwe_Mission)



---


Ons het op 31 Maart tuis gekom nadat ons 5690,5km voltooi het vandat ons Worcester op 2 Maart verlaat het. Ons het nog 'n paar besoeke op pad gehad en het die grens op 12 Maart oorgesteek. Ons het 'n uitsaai-lys op Whatsapp gestig en 'n hele paar mense het ons reis meegemaak. Ek verstaan nie hoekom nie, maar nie almal se boodskappe het by hulle afgelewer nie. Jammer daaroor, ons sou graag wou hê dat julle almal kon meemaak op die reis. 'n Nuttelose brokkie inligting: Ons het in 52 beddens geslaap vandat ons by die huis weg is tot ons weer terug is!

Ons het na ons vinnige kuier saam met Anzell in Maputo, gestop by die Harpers in Xai-xai wie ons laasjaar ontmoet het, toe hulle gevoel het die Here lei hulle om van die slagoffers van die aanvalle te kom ondersteun. Van hulle af is ons na Charl en Annetjie in Inhambane en wat 'n twee dag kuier sou wees, het toe baie langer geraak, vir verskeie redes. Eerstens die sikloon Idai wat oor die pad is wat ons moes ry. Tweedens het Anna-Marie die aand in Xai-xai 'n snaakse smaak in haar mond ervaar en die Saterdagaand in Inhambane het haar bo-lip gevoel soos iemand wat by die tandarts was. Sy het 'n vermoede gehad van wat dit kan wees en Sondag is dit bevestig toe die verlamming al verder gevorder het. Maandag het ons met 'n Kubaanse dokter gekontak by die hospitaal in Inhambane en sy het gesê Anna-Marie moet dadelik begin met Vit B kompleks en die volgende dag inkom hospitaal toe. Sy is 'n dermatoloog en het ons na oudiologie vergesel. Daar moes Anna-Marie sukkel om alles te verstaan en te verduidelik aan 'n dokter wat meerendeels Spaans praat. Die vermoede is bevestig - Bell se verlamming. Medikasie is voorgeskryf en die Kubaanse dokter het Anna-Marie daarvandaan na fisioterapie geneem waar sy gewys is hoe om haar gesig te masseer, sodat die spiere en senuwees weer kan lewe kry. Intussen het André en Charl gedring gevoel om op te gaan na die vloed geteisterde gebied en 'n bietjie kosvoorraad te neem en te help waar hulle kan. Dit het ook vir Anna-Marie kans gegee om te rus. Hulle het op die ou einde maar meestal gehelp op 'n plaas van 'n Suid-Afrikaner, waar toe reeds ongeveer 1300 mense toevlug gesoek het, en gehelp om kos aan te ry na gebiede nie baie ver daarvandaan nie.




Ons het toe besluit om maar die ompad deur Tete-Malawi-Mocuba te ry, aangesien ons nie kon kontak maak met mense aan die noorde kant van die Gorongosa (die sleg stuk pad) nie en dus nie kon uitvind of daar diesel beskikbaar is nie. Die Gorongosa het op daardie stadium ook steeds daagliks reën gekry. In Tete het ons op die kampterrein gekuier waar ons in 2001 met ons bediening begin het. Die stad is natuurlik heeltemal anders as wat dit gedurende daardie tyd was!

Deur Malawi ry is ongelukkig nie iets wat mens vinnig kan doen nie. Elke dorpie het 'n spoed beperking van 50km en soms is die kanselleer bord aan die anderkant weg en ry mens onnodig nog steeds so stadig. Behalwe vir die spoed beperking, kan mens in elk geval nie baie vinnig ry nie, as gevolg van al die voertuie, fietse, motorfietse en voetgangers op en langs die pad.



Op 30 en 31 Maart het ons die stuk pad gery waar die aanvalle nou meer sporadies plaasgevind het en ook sommer teen die grootpad. Met ons kruising van die Luriorivier wat die grens tussen die Nampula en Cabo Delgado provinsies is is ons sommer dadelik verwelkom deur slegte paaie. Ons het besluit om die laaste deel vanaf Nampula tot by ons huis in twee te deel, sodat ons nie nodig het om enige deel van die pad in die donker te ry nie. Die aanvalle het meer dikwels daar plaasgevind oor die laaste tyd en sommer teen die grootpad. Soos wat ons gery het en gesien het waar dorpies aangeval en huise afgebrand is, het mense in baie gevalle maar net aangegaan met lewe soos voorheen. Op ander plekke het ons dorpies gekry wat totaal verlate gelê het. Die probleem in baie gevalle is, waar gaan die mense heen? Hulle kan net so lank by familie bly! Almal kry swaar.





Terug by die huis het ons die skool in volle swang aangetref en besig om uit sy nate te bars. Hulle het toe reeds in die tweede week van Februarie weer begin met klasse. Hulle het toe reeds 32 kinders se name neergeskryf gehad, maar genadiglik was die meeste wat op 'n slag opgedaag het 30, maar steeds heeltemal te veel vir die gebou wat ons op die oomblik gebruik. En ons het steeds ander ouers wat wag om hulle kinders te registreer. André het begin met die proses om toestemming te kry om 'n twee-klaskamer gebou op te rig vir die skool, asook 'n onderwysers huis. Ons is geseend om fondse te kon kry vir die bou van die huis. Bid asseblief saam met ons vir die proses om vinnig afgehandel te word. Ons het ook die slegte nuus ontvang dat die dokumente vir die wettiging van die terrein verlore is. Blykbaar het iets onverklaarbaar met die argiewe gebeur! Ons wag. Hierdie dokument moes ook by die bou versoek aangeheg word.

So het julle ook almal saam met ons asem opgehou vir Sikloon Kenneth. Toe die sikloon begin ontwikkel het en hulle sy trajek gewys het, sou Quionga baie naby aan die oog van die storm wees. Deur die Vader se genade was ons, toe die sikloon land tref, totaal buite sy trefarea. Ons het geen skade in Quionga gehad nie. Ons is diep dankbaar daaroor, want ons besef dat ons eie huis ook nie so 'n sikloon sou oorleef nie. Ons voel saam met hulle wat alles verloor het in hierdie storm en vra dat julle hierdie mense in julle gebede sal hou. Baie van hulle moes nou oes, maar Kenneth het die oeste ook verwoes. Dus in 'n provinsie waar daar geruime tyd al onrus heers, staar baie mense ook nou die verlies van hulle oeste in die gesig. Dit is behalwe diegene wat niks kon plant nie, omdat hulle nie by hulle landerye mag bly om dit op te pas nie.

Ons het redelik reën gehad na die sikloon. Feitlik elke dag 'n paar millimeter. Dit laat natuurlik ons pad dorp toe in chaos en as gevolg van die onrus is daar ook nou nie een van die groot maatskappye wat hier naby werk en darem die pad so nou en dan skraap of opvul nie. Op die N1 is daar ook 'n brug stukkend wat ons effektief afsny van uitgang na die suide. Ons het gehoor dit sal prioriteit kry en hoop dit word gou reggemaak.

**Gebedsversoeke:**

- Vir volkome genesig vir Anna-Marie
- Vir die slagoffers van Kenneth wat alles verloor het
- Vir diegene wat hulp verleen aan hierdie mense
- Vir die proses rondom die bou van die skool en huis

**Danksegging:**

- Vir 'n veilige reis en tuiskoms
- Vir die hulp wat aan Idai slagoffers gegee word
- Ook vir die hulp wat reeds vir slagoffers van Kenneth kom

In Christus


**André& Anna-Marie Thiart, Quionga, Mozambique**
Epos: *thiartaa@gmail.com*
Facebook: Makwe Mission - https://web.facebook.com/MakweMission/
Webblad: *www.gcx.org/Makwe_Mission*

CelnrMoz*:* *+258 86 68 42 675*
*+258 84 228 9038*

Skype: andre-thiart

Celnr SA: *+78 348 1914 + Whatsapp - André*
*+73 909 5288 +Whatsapp - Anna-Marie*

Ondersteuningsorganisasie: Mission 4X4.
Kontakpersoon: Hannes de Villiers (hannes@mission4x4.co.za) of addisioneel:-
Nick Olivier (serve@mission4x4.co.za)
Jaco van Vuuren (jaco@memoryinstitute.co.za)
Anthonie Welman (anthonie@elsabewelman.co.za)

Finansies: Elsabe Welman (emwelman@mweb.co.za)
Bank besonderhede: ThiartSendingpos, Absa Bank – 632005, 9068791513